

23 Desember Matteus 1:18-25; Lukas 1:26-38 (Teks: Matt 1:24; Luk: 1:38)

Reaksie op 'n Godsbelofte (2) - Oorgawe

Abraham en Sara se reaksie op God se wonderbelofte - 'n kind in hul ouderdom - was 'n lag van verleë ongelof. Vandag let ons op Josef en Maria se reaksie op nog "wonderbelofte" 'n kind verwek deur die Gees van God.

Apart maak God sy komende wonder aan hulle bekend: aan Josef in 'n droom (Matt. 1:20); aan Maria deur die engel Gabriël (Luk 1:30-33). Merkwaardig reageer hulle apart en gesamentlik. Josef neem Maria summier as vrou (Matt 1:24); Maria gee haar dienswillig oor (Luk 1:39). Beide glo God onvoorwaardelik bloot op sy Woord.

En hoe heerlik is hierdie woorde nie vervul nie: Die Seun van God het werklik vlees en bloed geword, verwek deur Gods Gees, gebore uit 'n maagd. Kersfees! Dit is wat ons nou vier: God het onder ons vel ingekom!

Kersfees herinner ons dat ons óók 'n beloftewoord van God gehoor het: Al die nasies sal die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid (o.a. Matt 24:30; Mark 13:26; Luk 21:27).

Wat is jou reaksie daarop? Geloofsgehoorsaamheid sou in jou geval vandag byvoorbeeld wees:

- 'n lewenswyse van meer vertrou in God en jou toekoms - want Jesus kom dalk dié week!
- 'n manier van praat wat hoop gee - want die heerlikheid wat kom, oortref alle ellende!
- 'n dringendheid in jou binneste oor jou kinders se geloofsopvoeding en sending - want as God se getal verkorenes vol is, kom Jesus!

Sing: Skrifberyming 45:1, 12

Ds. J. Botha (Laeveld)